*Woensdag* **8 Oktober**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 30:1-8**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 30:6 (AFR53/AFR20)**

**Die Here bewerk 'n veranderde hart gevul met liefde vir Hom**

Kan 'n mens radikaal verander? Nie maklik nie! By die grens van die beloofde land het Moses die toekoms ingekyk. Die volk wat die Here soveel keer teleurgestel het, sou dit steeds doen. Dit kon daartoe lei dat hulle weggevoer word.

Wanneer hulle in die vreemde tot inkeer kom, sou die Here hulle en hulle nageslag radikaal verander. In die grondteks gebruik hy 'n besondere beeld vir daardie verandering: "Die Here jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag." In die Bybel bepaal my hart wie ek regtig is; wat ek doen en laat. Die besnydenis was die teken en seël van die Here se genadeverbond met sy volk. Met die besnydenis is alles wat nie aan die Here gewy is nie, simbolies afgesny en weggegooi.

Die Here bewerk die besnydenis van ons hart deur sy Gees (Rom. 2:29). Dit wat in my hart oorgebly het wat nog nie aan die Here gewy is nie, verwyder Hy uit my lewe. Ek en alles in my sal in die teken daarvan staan dat ek aan die Here alleen gewy is. Wie se hart besny is, maak onmiddellik erns met die nakoming van die groot liefdesgebod. Uit liefde vir die Here alleen rig ek elke faset van my lewe in volgens die Here se wil. My enkele doel is dan om my Vader in die hemel nie teleur te stel nie; om te doen wat Hy van my verwag. Die Heilige Gees maak my en my nageslag gewillig en bekwaam om gehoorsaam aan Hom te leef.

Iemand wie se hart die Here besny het, lei 'n ryk geskakeerde, gebalanseerde lewe; 'n lewe waarin elke faset gerig is op een doel: dat die Naam van die Here ons God daarin verheerlik sal word!

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)*